higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR-VLAK 2

(3011002)

3 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye en 'n antwoordblad van 16 bladsye.

244Q1N2003

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in die ANTWOORDBOEK wat voorsien word.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Toon al jou berekenings.
5. Geen bladsye mag uit die ANTWOORDBOEK verwyder word nie.
6. Gebruik die tabel hier onder as 'n riglyn vir hoeveel tyd jy aan elke vraag moet spandeer.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYDSGIDS
AFDELING A			
1	Meervoudigekeusevrae	20	18 minute
2	Kort teoretiese vrae	30	27 minute
3	Berekenings	30	27 minute
AFDELING B			
4	Joernale	40	36 minute
5	Oorboeking na algemene grootboek	30	27 minute
6	Finale rekeninge en balansstaat	30	27 minute
7	Invloed op rekeningkundige vergelyking	20	27 minute
	TOTAAL	**200**	**3 uur**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die verskil tussen verkope en uitgawes staan bekend as …

A koste.
B wins.
C bruto.
D kapitaal.

1.2 'n Tjekteenblad is 'n voorbeeld van 'n … dokument.

A interne
B stawende
C eksterne
D inkomste-

1.3 Die verkoopsrekening in die algemene grootboek sal verhoog met 'n …

A debiteurekorting-inskrywing.
B krediteurekorting-inskrywing.
C kredietinskrywing.
D debietinskrywing.

1.4 'n … is 'n voorbeeld van 'n stawende dokument in 'n onderneming.

A Bankstaat
B Joernaalbewys
C Oorspronklike debiteurfaktuur
D Oorspronklike kwitansie

1.5 Wanneer 'n klant sy of haar rekening betaal, is die dubbelinskrywing …

A debiteer krediteurekontrole en krediteer bank.
B krediteer debiteurekontrole en debiteer bank.
C krediteer krediteurekontrole en debiteer bank.
D debiteer bank en krediteer debiteurekontrole.

1.6 Inligting uit die … word gebruik om 'n inkomstestaat en 'n balansstaat op te stel.

A bankstaat
B rekeninge betaalbaar
C algemene grootboek
D rekeninge ontvangbaar

Kopiereg voorbehou

1.7 'n Onderneming se … ontvang dividende uit verklaarde wins.

A handelaars
B aandeelhouers
C lede
D vennote

1.8 Onder normale omstandighede het die … -rekening in die algemene grootboek 'n kredietsaldo.

A kapitaal
B onttrekkings
C reklame
D eiendoms

1.9 'n Voorbeeld van 'n finansiële bate is …

A verkope.
B motorvoertuie.
C verbandlenings.
D vaste deposito's.

1.10 'n … is 'n brondokument wat gebruik word om kontant wat vir verkope van voorraad deur die onderneming ontvang word, op te teken.

A Kontantfaktuur
B Tjek
C Depositostrokie
D Tjekteenblad

1.11 Watter een is nie deel van die rekeningkundige siklus nie?

A Brondokumente
B Finansiële state
C Werkkonferensies
D Hulpjoernale

1.12 Wanneer voorraad aan 'n krediteur teruggestuur word, sal die krediteur se rekening in die algemene grootboek …

A verhoog.
B gekrediteer word.
C dieselfde bly.
D verlaag.

1.13 'n Tandartspraktyk sal as 'n … bekendstaan.

A organisasie sonder winsoogmerk
B diensorganisasie
C handelsorganisasie
D vervaardigingsorganisasie

Kopiereg voorbehou

1.14 'n Brondokument staan die beste bekend as 'n …

A rekord van debiteure- en krediteuretransaksies.
B rekord wat alle valuta-transaksies aantoon.
C rekord van 'n onderneming se bates en laste.
D rekord wat bewys dat 'n transaksie plaasgevind het.

1.15 Wanneer die eienaar van 'n onderneming handelsvoorraad vir eie gebruik neem, word …

A handelsvoorraad gekrediteer en onttrekkings gedebiteer.
B handelsvoorraad gedebiteer en onttrekkings gekrediteer.
C onttrekkings gedebiteer en bank gekrediteer.
D onttrekkings gekrediteer en bank gedebiteer.

1.16 Rente op belegging het die volgende uitwerking op die rekeningkundige vergelyking:

A Verlaag bates en verhoog eienaarsbelang (owner's equity)
B Verlaag eienaarsbelang (owner's equity) en verlaag laste
C Verhoog bates en verhoog eienaarsbelang (owner's equity)
D Verhoog eienaarsbelang (owner's equity) en verhoog laste

1.17 'n Voeetuig wat op krediet gekoop is, word in die … joernaal opgeteken.

A kontantontvangste-
B krediteure-
C kontantbetalings-
D debiteure-

1.18 Die totaal van die krediteurelys moet gelyk wees aan die totaal/saldo in die …

A krediteurekolom in die krediteurejoernaal.
B krediteurekolom in die krediteurekortingsjoernaal.
C krediteur se kontrolerekening in die algemene grootboek.
D krediteurekolom in die kontantbetalingsjoernaal.

1.19 Watter een van die volgende rekeninge het gewoonlik 'n debietsaldo?

A Bates
B Verbandlening
C Bedryfslas
D Inkomste

1.20 Rente op lening verminder 'n …

A bate.
B bedryfslas.
C eienaarsbelang ("owner's equity").
D nie-bedryfslas.

(20 × 1) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Kredietaankope van voorraad word in hierdie joernaal ingeskryf	A	proefbalans
2.1.2	Bewys dat al die debietsaldo's gelyk is aan al die kredietsaldo's	B	nominale
2.1.3	'n Dokument wat uitgereik word wanneer goedere gekoop of verkoop word	C	joernaalbewys
2.1.4	'n Dokument wat voltooi word wat aandui dat 'n debiteur se afslag gekanselleer moet word	D	krediteurejoernaal
2.1.5	Voertuie word in hierdie afdeling in die proefbalans ingesluit	E	balansstaat
2.1.6	Word aan die einde van die maand uitgereik om die totale bedrag verskuldig aan te dui	F	staat
		G	faktuur
		H	debiteurejoernaal

(6 × 1) (6)

2.2 Gebruik die kredietnota hier onder om die vrae te beantwoord.

CROWNING GLORY KREDIETNOTA :
CG22

19 Mei 2019

Aan: JFK Ellis
Adres: 16 Growth Lane
Glen Vista, 6000

Hoeveelheid	Beskrywing	Prys per eenheid	Bedrag
2.2.2	Hair Grow Quick Serum	R50	R800
10	Frizz Free Wonder	R120	R1 200
100	Brown Root Touch Up	R150	**2.2.3**
		Groottotaal	**2.2.4**

2.2.1 Noem die joernaal waarin die kredietnota ingeskryf moet word. (1)

2.2.2 Bereken die hoeveelheid teruggestuur. (2)

2.2.3 Bereken die bedrag vir die terugsending van Brown Root Touch Up. (2)

2.2.4 Bereken die groottotaal van kredietnota no. CG22. (3)

2.2.5 Identifiseer die naam van die klant op die kredietnota. (1)

2.2.6 Identifiseer die naam van die onderneming op die kredietnota. (1)

2.3 Verduidelik die volgende terme:

2.3.1 Onteerde tjek

2.3.2 Slegte skuld

2.3.3 Rekeningkunde

(3 × 2) (6)

2.4 Give ONE word or term for each of die following beskrywings by choosing 'n word or term from die list below. Write only die word or term next to die question number (2.4.1–2.4.4) in die ANTWOORDBOEK.

alleeneienaar; (Edms) Bpk; lede; Bpk; aandeelhouers; vennootskap

2.4.1 Die eienaars van 'n beslote korporasie staan bekend as … .

2.4.2 Die besigheidsnaam van 'n publieke maatskappy eindig met … .

2.4.3 'n … het tussen 2 en 20 mense as eienaars.

2.4.4 'n … het 'n minimum van een persoon as eienaar.

(4 × 1) (4)

2.5 Die kosprys van 'n item is R795. Die winstoeslag op die item is 75%.

Bereken die:

2.5.1 Bedrag van die winstoeslag

2.5.5 Verkoopsprys

(2 × 2) (4)
[30]

VRAAG 3

3.1 Stel 'n ouderdomsontleding op vir 'n krediteur op grond van die inligting hier onder. Die huidige maand is Junie 2019.

Kredietaankope gedoen gedurende Februarie 2019	R1 140
Kredietaankope gedoen gedurende Maart 2019	R975
Kredietaankope gedoen gedurende April 2019	R840
Kredietaankope gedoen gedurende Mei 2019	R1 380
Kredietaankope gedoen gedurende Junie 2019	R4 390
Betaling is ten volle gedoen vir kredietaankope gedurende Februarie 2019	R?

(6)

3.2 Hair Cents Ltd het op 13 Mei 2019 handelsware vir R8 320 op krediet gekoop. Handelsware ter waarde van R1 210 is op15 Mei 2019 teruggestuur.

Hair Cents Ltd het hul rekening 20 Mei 2019 vereffen en 'n vereffeningsafslag van 7% ontvang.

Bereken die bedrag wat Hair Cents Ltd betaal het om hul rekening te vereffen en rekonsilieer hulle rekening op 20 Mei 2019. Toon alle berekenings. (4)

3.3 'n Debiteur se rekening is vier maande agterstallig. Die uitstaande saldo is R2 276.

Bereken rente gehef op die debiteur teen 12% per jaar. Toon alle berekenings. (3)

3.4 'n Debiteur ontvang 'n afslag van 5% op produkte wat aangekoop word vir 'n bedrag van R5 870.

Bereken die bedrag wat die debiteur vir die produkte betaal het. Toon alle berekenings. (3)

3.5 Die debiteuregrootboekrekening van Y Zaza verskyn hier onder. Voltooi die ontbrekende inskrywings of waardes in die ANTWOORDBOEK. Toon alle berekenings waar nodig.

DEBITEUREGROOTBOEK VAN OILS INC.					
Y ZAZA D1					
Datum	**Besonderhede**	**Fol.**	**Debiet**	**Krediet**	**Saldo**
1/5/19	Rekening gelewer	a/b			8 347
7/5/19	Kwitansie no. 5	**3.5.1**		2 000	**3.5.2**
14/5/19	Kwitansie no. 5 (afslag)	KOJ		250	**3.5.3**
24/5/19	Faktuur no. O15	**3.5.4**	320		**3.5.5**
27/5/19	Kredietnota no. C33	**3.5.6**		230	**3.5.7**
31/5/19	Rente gehef	**3.5.8**	17		6 204

(12)

3.6 Gebruik die volgende inligting om die ontbrekende bedrag te bereken. Skryf die antwoord in die ANTWOORDBOEK neer. Toon alle berekenings.

BATES	**EIENAARSBELANG**	**LASTE**
781 590	580 795	**(…)**

(2)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B

VRAAG 4

Curl Care CC verkoop haarprodukte en stileringstoerusting aan haarsalonne en die publiek. Die eienaar, J Prins, gebruik die deurlopende voorraadstelsel. 'n Prystoeslag van 50% word op die kosprys bereken.

Gebruik die inligting en die brondokumente hier onder om die besonderhede in die hulpjoernale vir 31 Mei 2019 in te skryf.

Geen verduidelikende aantekeninge word vir die algemene joernaal benodig nie. Moet nie die joernale afsluit nie.

4.1	Kontantontvangstejoernaal	(11)
4.2	Kontantbetalingsjoernaal	(8)
4.3	Debiteurejoernaal	(4)
4.4	Debiteurekortingsjoernaal	(2)
4.5	Krediteurejoernaal	(6)
4.6	Krediteurekortingsjoernaal	(5)
4.7	Algemene joernaal	(4)

INTERNE KANTOORMEMO:

CURL CARE CC



Kantoormemo No. 33 Datum: 27/05/2019

Aan: Die Boekhouer Van: J Prins

Die rekening van Sculpt CC in die krediteuregrootboek is verkeerdelik met R1 375 gekrediteer in plaas Brushes CC. Stel die fout reg.

DEPOSITOSTROKIES:

Datum	Bedrag
14 Mei 2019	R32 970
31 Mei 2019	R9 620

OORSPRONKLIKE KREDIETAANKOOPFAKTURE:



HAIR GEL TRADERS

Datum: 14/5/2019 Faktuur no. X106 Rekeningno. QP7

Aan: Curl Care CC Adres: Perm Avenue 15, Viewpoint, 0001

Aantal	Beskrywing	Prys per eenheid	Bedrag
10	Eco sjampoe 500 ml	R150	R1 500
25	Eco opknapper 500ml	R145	R3 625
5	Eco behandeling 500ml	R250	R1 250
		Totaal	R6 375

STATIONERS -R -US

Datum: 18-5-19 Rekno.SR2



www.statrus.co.za **Faktuurno. SRU18**

AAN: CURL CARE CC
ADRES: PERM AVENUE 15, VIEWPOINT, 0001

Aantal	Beskrywing	Prys (elk)	Bedrag
10	Rieme wit papier	R38	R380
		TOTAAL	R380

Dryers & Stylers



Rekeningno. 1010 Datum: 27 Mei 2019 Faktuurno. V583

Aan: Curl Care CC
Adres: Perm Avenue 15, Viewpoint, 0001

Aantal	Beskrywing	Prys (each)	Bedrag
4	Pro haardroërs	R420	R1 680
7	Pro krultoerusting	R399	R2 793
		TOTAAL	R4 473

Kopiereg voorbehou

DUPLIKAATKWITANSIES:

CURL CARE CC		
Kwitansieno. 121 Datum: 03-05-2019		
	R	c
Ontvang van: J Prins **Vir**: Addisionele kapitaalbydrae **Bedrag**: Dertigduisend rand alleen	30 000	00
Met dank - B Duku		

CURL CARE CC		
Kwitansie no. 122 Datum: 23-05-2019		
	R	c
Ontvang van: HH Beki **Vir**: Rekening ten volle vereffen – 5% afslag toegestaan **Bedrag**: Eenduisend agthonderd en vyf rand	1 805	00
Met dank - B Duku		

KASREGISTERROLLE:

Datum	**Nommer**	**Bedrag**
14 Mei 2019	Kasregisterrol 93	R2 970
31 Mei 2019	Kasregisterrol 94	R7 815

DUPLIKAATKREDIETVERKOOPSFAKTURE:

CURL CARE CC

Adres: 15 Perm Avenue, Viewpoint, 0001
Faktuurno. C111 Datum: 10 Mei 2019

Aan: HEADZ Ltd Adres: Lotion Street 5, Viewdown, 0001

Aantal	**Beskrywing**	**Eenheidsprys**	**Bedrag**
3	Natural sjampoe	R290	R 870
3	Natural behandeling	R410	R1 230
		Totaal	R2 100

CURL CARE CC

Adres: 15 Perm Avenue, Viewpoint, 0001
Faktuurno. C112



Datum: 19 Mei 2019

Aan: T Tonga Adres: Oil Road 11, Viewdown, 0001

Aantak	Beskrywing	Eenheidsprys	Bedrag
2	Haardroeërs	R610	R1 220
2	Peruvian Weave-stelle	R800	R1 600
		Totaal	R2 820

DUPLIKAATKREDIETNOTA:

Datum	Nota no.	Besonderhede	Debiteur	Bedrag	Rede
21/5/19	CN 28	1 Peruvian Weave	T Tonga	R 800	Verkeerde styl

DUPLIKAATDEBIETNOTA:

Datum	Nota no.	Besonderhede	Krediteur	Bedrag	Rede
19/5/19	DN 12	2 Rieme papier	Stationers-R-Us	R40	Verkeerde kleur
28/5/19	DN 13	3 Krultoerusting	Dryers & Stylers	R1 197	Verkeerde handelsmerk

TJEKTEENBLAAIE

02/05/2019

Aan: Prys King

Vir: Versekering

	R	C
Saldo		
Hierdie tjek	571	00

No.117

10/05/2019

Aan: Hair Extension Ltd

Vir: Vereffening van rekening van R2 167. Afslag van R220.

	R	C
Saldo		
Hierdie tjek	**?**	

No.118

Kopiereg voorbehou

19/05/2019		
Aan: Kontant		
Vir: Lone – R500 Kleinkas – R600		
	R	C
Saldo		
Hierdie tjek	1 100	00
		No.119

23/05/2019		
Aan: MCB Municipality		
Vir: Munisipale belasting		
	R	C
Saldo		
Hierdie tjek	1 642	00
		No.120

31/05/2019		
Aan: Comb CC		
Vir: Handelsware		
	R	C
Saldo		
Hierdie tjek	835	00
		No.121

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Elegant Traders het die volgende inligting uit hul boeke vir Maart 2019 verkry.

Op 1 Maart 2019 het die volgende saldo's en totale in hul boeke verskyn:

Bank (ongunstig)	R2 420
Krediteurekontrole	R3 605
Handelsvoorraad	R12 400
Koste van verkope	R6 750

Die volgende totale het op 31 March 2019 in die hulpjoernale verskyn:

DEBITEUREJOERNAAL VAN ELEGANT TRADERS – 31 MARCH 2019
DJ

Dok.	Dag	Debiteur	Verkope	Koste van verkope
		Totale	3 870	2 580

DEBITEURE ALLOWANCES JOERNAAL OF ELEGANT TRADERS – 31 MARCH 2019 DAJ

Dok.	Dag	Debiteur	Debiteure-kortings	Koste van verkope
		Totale	540	360

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN ELEGANT TRADERS – 31 MAART 2019 KOJ

Bank	Verkope	Koste van verkope	Debiteure-kontrole	Afslag toegestaan	Diverse Bedrag	Besonderhede
20 586	8 880	5 920	11 430	320	596	Rente op lopende rek

KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN ELEGANT TRADERS – 31 MAART 2019 KBJ

Bank	Handelsvoorraad	Reklame	Krediteure kontrole	Afslag ontvang	Diverse Bedrag	Besonderhede
7 592	2 740	1 220	3 485	250	397	Skoonmaakmiddels

KREDITEURE JOERNAAL VAN ELEGANT TRADERS – 31 MAART 2019 KJ

Dok.	Dag	Krediteure	Krediteure-kontrole	Handels-voorraad	Skryf-behoeftes	Diverse bedrag	Beson-derhede
		Totale	6115	5120	230	765	Advertering

Kopiereg voorbehou

KREDITEUREKORTINGSJOERNAAL OF ELEGANT TRADERS – 31 MAART 2019 **KKJ**

Dok.	Dag	Krediteur	Krediteure-kontrole	Handels-voorraad	Skryf-behoeftes	Diverse bedrag	Besonder-hede
		Totale	1 230	1 120	110		

ALGEMENE JOERNAAL VAN ELEGANT TRADERS – 31 MAART 2019 **GJ**

Datum	Besonderhede	Fol.	Debiet	Krediet	Debiteure kontrole		Krediteure kontrole	
					Debiet	Krediet	Debiet	Krediet
	Totale				638	180	392	435

Gebruik die inligting hier bo om die volgende algemenegrootboek-rekeninge vir Elegant Traders te voltooi. Balanseer SLEGS die algemenegrootboek-rekeninge wat aangedui word.

5.1 Bank (Balanseer die rekening) (6)

5.2 Handelsvoorraad (7)

5.3 Krediteurekontrole (Balanseer die rekening) (9)

5.4 Koste van verkope (4)

5.5 Reklame (Balanseer die rekening) (3)

5.6 Rente op lopende rekening (1)
[30]

VRAAG 6

Gebruik die proefbalans hier onder wat op 30 Junie 2019 in die boeke van Global Weaves Ltd verskyn het om die volgende ANTWOORDBOEK op te stel:

6.1 Die handelsrekening vir die jaar geëindig 30 Junie 2019. (4)

6.2 Die wins-en-verliesrekening vir die jaar geëindig 30 Junie 2019 (11)

6.3 Die balansstaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2019. (7)

Toon die volgende aantekeninge by die balansstaat:

6.3.1 Kapitaal

6.3.2 Kontant en kontantekwivalente

(2 × 4) (8)

PROEFBALANS VAN GLOBAL WEAVES LTD SOOS OP 30 JUNIE 2019			
	Fol.	**Debiet**	**Krediet**
Balansstaatafdeling			
Kapitaal	B1		180 000
Onttrekkings	B2	9 750	
Grond en geboue	B3	125 000	
Toerusting	B4	80 500	
Handelsvoorraad	B5	23 800	
Debiteurekontrole	B6	24 650	
Bank	B7	35 730	
Kleinkas	B8	1 200	
Los kontant	B9	500	
Krediteurekontrole	B10		16 400
Vaste deposito: Wealth Bank (7%)	B11	75 000	
Nominalerekeninge-afdeling			
Verkope	N1		269 080
Koste van verkope	N2	65 600	
Debiteurekorting	N3	1 380	
Rente op vaste deposito	N4		6 750
Telefoon	N5	2 700	
Versekering	N6	3 100	
Rente-uitgawes	N7	2 500	
Petrol	N8	4 200	
Salarisse en lone	N9	55 920	
Skryfbehoeftes	N10	920	
Water en elektrisiteit	N11	7 780	
Rente-inkomste	N12		48 000
		520 230	**520 230**

[30]

VRAAG 7

Ontleed die transaksies hier onder en dui aan watter *brondokument*-rekening gedebiteer en watter rekening in die algemene grootboek gekrediteer moet word, asook die invloed op die rekeningkundige vergelyking. Dui 'n verhoging aan met 'n (+), 'n verlageing met (-) en geen uitwerking met (0).

VOORBEELD:

Reklame is betaal en tjek no. 189 is uitgereik aan Tribune Times vir R856.

No.	Brondokument	Algemenegrootboek-rek		Bates	Eienaarsbelang ('owner's equity')	Laste
		Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer			
1.	Tjekteenblad	Reklame	Bank	-856	-856	0

Addisionele inligting:

Hair Symbols CC verkoop haarbykomstighede. Die deurlopende voorraadstelsel word gebruik en die voorraadprystoeslag is 25% op die kosprys.

7.1 Die eienaar het sy persoonlike telefoonrekening van R475 met 'n besigheidstjek betaal. Voltooi die ontbrekende inligting in die ANTWOORDBOEK. (1)

7.2 'n Betaling van R748 is van CK Coko op haar rekening ontvang. (5)

7.3 'n Voertuig is op krediet by Moto CC vir R99 500 gekoop. (5)

7.4 Die besigheid het kontantverkope van R3 680 aangeteken vir haarbykomstighede verkoop. (9)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou